# Lesing 20.08.2018 - Lesing 7 - Ernstige oproep na die Boerevolk se Gilgal Klipwiel

Noag se vermanende woorde aan die morrende Mahal. Die bou van die klein ark vir Mahal en syne

*(20 Augustus 1844)*

349 Noag het hom tot sy broer Mahal gewend en aan hom gesê:

2. "Broer, ek hoop dat jy nie weer tekere sal gaan teen Elohim die Meester omdat Hy jou so `n eindeloos groot barmhartigheid bewys het nie?! Sien, dit is niks anders as suiwer, verborge hoogmoed wat in jou skuil nie!

3. **Sien, heimlik steek dit jou dat die Meester vir my en nie vir jou nie vir die bou van die ark uitverkies het**, en dat jy nie by elke geleentheid in die besonder geroep en uitverkies word nie! En omdat jy verder niemand het met wie jy daaroor kan twis nie, laat jy die woede van jou hoogmoed op die Meester Self los en wil jy selfs by elke geleentheid in opstand kom teen Hom!

4. Maar vra jouself net af of sodanige gedrag teenoor Hom, Wie jou vier jaar gelede so liefdevol Sy seun genoem het, passend en geregverdig is! Dink jy dalk dat jy die Meester tot iets sal afdwing?!

5. Kyk, Satan het hom al sedert ondenkbare tye hoogmoedig opgestel teen die Meester! Wat het hy egter daarmee gewen?! Want alles wat hy wil, het die Meester nooit gedoen nie! En so bly Satan steeds die **verslaande slaaf van sy eie koppigheid**, wat `n vrug van sy dwaasheid is; maar die Meester bly ewig die Meester en het gedoen wat Hy wil, sonder om Hom daarby aan die geskreeu van die **wêreldse narre** te steur!

6. **Broer, is dit dan so moeilik om jou voor die heilige, allerbeste Vader te verdeemoedig en Sy heilige orde vir jou te laat welgeval nie?!**

7. Die Meester het jou tog onmiskenbaar getoon dat Hy die ark van Sy liefde, barmhartigheid en erbarming nog nooit vir jou gesluit het nie, **en daarom ook sekerlik nie hierdie ark nie!**

8. Maar as jy jouself deur `n innerlike woede wil uitsluit, dink jy dan dat die Meester jou by jou hare sal insleep?! O, **verander jou dwaasheid** en stel die geduld van die Meester nie steeds opnuut op die proef nie, dan sal jy hier in die ark ook spoedig `n sel vir jouself vind!"

9. Hierdie baie welgemeende woorde van Noag het weinig invloed op Mahal gehad, en hy het daarop gestaan **dat daar `n eie ark vir hom gebou word**.

10. En Noag het gehandel volgens die wil van sy broer en het vir hom **`n klein ark** van vier vadem lank en twee vadem hoog laat bou; daar was slegs **geen selle** daarin aangebring nie.

11. Wat verder, in die volgende!

## Hoofstuk 350

Noag dra die klein ark aan Mahal oor. Mahal se koppige eis aan die Meester. Die drie kinders van Mahal word deur die vuur van Elohim se toorn weggeneem

350 Toe Noag ook met die klein ark vir Mahal klaar was, het hy aan hom gesê: "Nou dan, hier is die voltooide **ark van jou hardkoppigheid**! Maar sien toe dat die **Meester hom vir jou en jou drie kinders seën**; anders sal hy jou weinig veiligheid bied!

2. **Ek het hom geseën deur die bou**, maar dié seën alleen sal vrugteloos wees sonder die seën van die Meester! Gaan daarom na die Meester, gee Hom die eer en vra Hom om hierdie ark te seën vir jou veiligheid!"

3. Maar Mahal het gesê: "Jy praat volgens jou aard en ken nie my nood nie! Is ek nie `n mens soos jy nie, en het ons nie één vader en één moeder nie?! Die Meester het jou selfs gebied om hierdie ark te bou volgens die gegewe mate vir jou redding, terwyl jy Hom tog nie daarvoor gevra het nie, maar vir my het Hy op die aarde laat rondloop soos `n wilde dier vanweë my kinders, en het my nie gesê dat ook ek `n reddingsark vir myself moes bou nie!

6. As Hy hierdie ark vir my wil seën, dan sal Hy dit doen sonder my versoek, soos wat Hy jou opgedra het om die ark te bou sonder jou versoek; maar wil Hy dit nie, dan sal ek geen gebruik maak van die ark nie, maar sal met die gesin van my moedig die bittere lot van miljoene deel en sal bowendien nog getuie daarvan wees hoe die slegte mense vir hulle misdadigheid sal boet! Amen."

7. Daarna het Mahal opgestaan en saam met sy drie kinders verder die bos ingetrek en daar gewag op die woord van die Meester.

9. Toe het Mahal kwaad geword vir die Meester en gaan geweldig teen Elohim tekere, en dit op `n toon wat nooit meer verneem sal word op aarde nie.

10. Toe Mahal hees geword het van sy laster, het `n vuur uit die wolke na die aarde voor Mahal neergedaal, en uit die vuur het `n Stem gepraat:

11. "Mahal, jou ontaarde! Ek het genoeg van jou gelaster! **As jy vind dat Ek, jou Elohim en Meester, geen eer waardig is nie, beskou Ek jou ook nie werd om gered te word nie!**

12. Bly dus hier en wees getuie van My toorn oor die aarde en oor jou; maar jou kinders neem Ek van jou af weg, omdat hulle nie ingestem het met jou lied nie, en so sal jy My in ieder geval in My toorn leer ken, omdat jy My nie in My liefde wil erken nie! Laat dit geskied!"

13. **Hierop het die vuur die drie kinders gegryp en hulle oombliklik tot as verteer**. En Mahal het nou alleen agtergebly en was verstom van ontsetting.